9.	Scale 10: Business and general — equipped with electricity dispenser (single phase) A service connection fee paid for, in accordance with Item 1(c)(i) or (ii) or else converted to Scale 10 according to Item 16 of the First Schedule.		
	(i) Charge per kilowatt hour	23,19c	26,44c
	(ii) Monthly service charge per consumer for each property supplied	R33,18	R37,83

Notes to Scales

1. Scale 1: Business and general

- (1) This scale shall apply to electrical energy supplied for:
 - (a) business premises (such as shops, factories, hostels, boarding houses, restaurants, office buildings, residential buildings in which individual units are not separately metered and church buildings;
 - (b) Deleted.
 - (c) illumination of outdoor sports grounds, external illumination of buildings, illuminated signs, advertisements or lamps used solely for external decorative purposes;
 - (d) motive power, heating and other industrial purposes, including builders' temporary supplies;
 - (e) any other purpose for which no lower scale in these tariffs is prescribed.
- (2) The nominal pressure of supply under this scale is 230 volt single phase 230/400 V, three phase; four wire; 555 V three phase; 6 600 V three phase; 11 000 V, three phase.
The nominal alternating current frequency is 50 Hz.
- (3) No service charge will be made in respect of the church buildings.

2. Scale 2: Two rate tariff

- (1) This scale shall be available only as an **alternative** to consumers who in terms of these bylaws would otherwise be supplied under Scale 1.
- (2) The supply of electricity under this Scale is subject to the installation of a time switch and a two rate metering device.

3. Scales 3 and 4: Residential premises

- (1) These scales shall apply to electrical energy supplied to:
 - (a) residential premises;
 - (b) flats or maisonettes used solely for residential purposes or any premises used as such which are individually metered;
 - (c) servants' quarters in premises used for flats or maisonettes if such servants' quarters are individually metered.
 - (d) non-profit making residential establishments operated by welfare organisations as defined by the National Welfare Act, 1978.
 - (e) public lighting in blocks of flats and other residential buildings.

4. Skaal 5: Toevoer by sakepersele vir kookdoeleindes
Hierdie skaal is van toepassing op krag voorsien vir—
- (1) elektriese kooktoestelle in sakepersele, bv. hotelle, losieshuise, restaurante, kafees, woonkamers, asook wooneenhede waarin die krag wat in die afsonderlike eenhede verbruik word, nie deur afsonderlike meters geregistreer word nie;
 - (2) verwante elektriese kombuisverbruikstoestelle wat saam met kooktoestelle gebruik word.
- Die Ingenieur se beslissing of krag kragtens hierdie tariefskaal voorsien kan word, is final.
5. Skale 6 en 7: Krag verbruik by industrieë vir verhitting, waterverwarming en pompdoeleindes
- (1) Hierdie skale is van toepassing op krag wat gedurende die deur die Ingenieur bepaalde nie-spitsure aan industrieë voorsien word vir verhitting, waterverwarming, die laai van batterye en die aandryf van pompe.
 - (2) Die voorsiening van elektrisiteit ooreenkomstig hierdie skale is onderworpe aan die nakoming van die volgende spesiale voorwaardes:
 - (a) 'n Deur die Ingenieur goedgekeurde nulspanningslosser moet in die verbruiker se hoofskakelaar aangebring word.
 - (b) Kragvoorsiening is onderworpe aan daaglikse onderbreking, Maandae tot Vrydae, gedurende die deur die Ingenieur bepaalde spitslasperiodes of -periodes van die Raad se toevoerstelsel. Die Ingenieur sal die verbruiker skriftelik in kennis stel van die ure waartydens die toevoer onderbreek sal word en as genoemde ure verander word, moet die Ingenieur die verbruiker een maand kennis van sodanige verandering van ure gee. Die totale tydsduur van die daaglikse kragonderbreking/s sal nie 3 uur in die geval van skaal 6 en 6 uur in die geval van skaal 7 oorskry nie.
 - (c) 'n Tydskakelaar of ander laskontroletoeleel moet aangebring word.
5. Skale 8 en 9: Woonpersele
- (1) Hierdie tariewe is van toepassing op krag voorsien aan:
 - (a) kleinkrag-woonpersele;
 - (b) woonstelle of skakelwoonstelle wat elk 'n meter het en wat vir woondoeleindes gebruik word, of enige ander persele wat vir sodanige doeleindes gebruik word;
 - (c) bediendekamers op persele wat vir woonstel- of skakelwoonsteldoeleindes gebruik word, indien sodanige bediendekamers met afsonderlike meters toegerus is;
 - (d) wooninrigtings wat sonder winsbejag bestuur word deur welsynorganisasies soos omskryf in die Nasionale Welsynswet, 1978;
 - (e) kerke, skole en crèches;
 wat met 'n elektrisiteitsoutomaat (eenfasig) toegerus is.
7. Skaal 10: Sakepersele en algemeen
- Hierdie tariewe is van toepassing op krag voorsien aan:
- (a) sake- of algemene persele (bv. winkels, fabriekke, hotelle, losieshuise, restaurante, kantoorgeboue en woongeboue waarin individuele wooneenhede nie met afsonderlike meters toegerus is nie);
 - (b) openbare verligting in woonstelblokke en ander woongeboue;
 - (c) verligting van opelug-sportterreine en buitekant van geboue, verligte tekens, advertensies of lampe wat uitsluitlik vir buitenshuise sierdoeleindes gebruik word;
 - (d) dryfkrag, verwarming en ander nywerheidsdoeleindes, met inbegrip van tydelike krag aan bouers voorsien;
 - (e) enige ander doel ten opsigte waarvan daar nie 'n laer skaal in hierdie tariewe voorgeskryf word nie,
- indien die toevoer teen 230 V voorsien word, eenfasig is en met behulp van 'n elektrisiteitsoutomaat gemeet word."

4. Scale 5: Business cooking
This scale shall apply to electrical energy supplied for:
- (1) electric cooking in business premises, such as hotels, boarding houses, restaurants, tea rooms, residential chambers, including residential units in which the current used in individual units is not separately metered;
 - (2) operating associated electrical kitchen appliances installed in addition to an electrical cooking service.
- The decision of the Engineer as to whether current may be supplied under this tariff scale will be final.
5. Scales 6 and 7: Industrial heating, water heating and pumping purposes
- (1) These scales shall apply to electrical energy supplied for purposes such as industrial heating, water heating, battery charging and pumping purposes at off peak hours as determined by the Engineer.
 - (2) The supply of electricity under these scales is subject to the following special conditions:
 - (a) The consumer's main switch must embody a "no volt" release approved by the Engineer.
 - (b) The supply of electricity will be subject to interruption daily, Monday to Friday during the peak load period or periods on the Council's supply system as determined by the Engineer. The hours during which the supply will be interrupted will be notified to the consumer in writing by the Engineer, who shall give one month's notice of any change in these hours. The total duration of the daily interruption/s of supply will not exceed 3 hours in the case of Scale 6 and 6 hours in the case of Scale 7.
 - (c) The installation of a time switch or other load control device.
6. Scales 8 and 9: Residential premises
- (1) These scales shall apply to electrical energy supplied to:
 - (a) small power residential premises;
 - (b) flats or maisonettes used for residential purposes which are individually metered or any premises used as such;
 - (c) servants' quarters in premises used for flats or maisonettes if such servants' quarters are individually metered;
 - (d) non-profit making residential establishments operated by welfare organisations as defined by the National Welfare Act, 1978;
 - (e) churches, schools and crèches;
 equipped with an electricity dispenser (Single Phase).
7. Scale 10: Business and general
- (1) This scale shall apply to electrical energy supplied for:
 - (a) business or general premises (such as shops, factories, hostels, boarding houses, restaurants, office buildings and residential buildings in which individual units are not separately metered);
 - (b) public lighting in blocks of flats and other residential buildings.
 - (c) illumination of outdoor sports grounds, external illumination of buildings, illuminated signs, advertisements or lamps used solely for external decorative purposes;
 - (d) motive power, heating and other industrial purposes, including builders' temporary supplies;
 - (e) any purpose for which no lower scale in these tariffs is prescribed;
 where supply is at 230 volts, is single phase and is metered using an electricity dispenser.

*M.K. 228, 1993

17 Desember 1993

STAD DURBAN

VERORDENINGE BETREFFENDE
HUISVESTINGSINRIGTINGS

Die Stadsraad van die Stad Durban het ingevolge artikel 268 van die Ordonnansie op Plaaslike Owerhede, 1974 (Ordonnansie 25 van 1974) die volgende verordeninge aangeneem:

*M.N. 228, 1993

17 December 1993

CITY OF DURBAN

ACCOMMODATION ESTABLISHMENT BYLAWS

The City Council of the City of Durban has in terms of section 268 of the Local Authorities Ordinance, 1974 (Ordinance 25 of 1974), made the following bylaws:

"VERORDENINGE BETREFFENDE HUISVESTINGS-
INRIGTINGS

Woordomskrywings

1. In hierdie verordeninge, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken —
 - "benoemde beampte" die Raad se werknemer wat deur die Raad aangestel is om hierdie verordeninge toe te pas, asook enige ander werknemer wat regtens gemagtig is om namens en ten behoeve van hom op te tree;
 - "die Ordonnansie" die Ordonnansie op Plaaslike Owerhede, 1974 (Ordonnansie 25 van 1974);
 - "hindernis" 'n hindernis soos in artikel 1 van die Ordonnansie omskryf;
 - "huisvestingsinrigting" enige perseel waarin of waarop die besigheid om huisvesting met of sonder etes teen vergoeding te verskaf, ten opsigte van meer as vier persone gedryf word, maar nie die volgende insluit nie:
 - (a) volledig toegeruste akkommodasie-eenhede soos woonstelle of skakelwoonstelle;
 - (b) 'n ouetehuis wat as sodanig ingevolge die Wet op Bejaarde Persone, 1967 (Wet 81 van 1967), geregistreer is;
 - (c) 'n tehuis wat bykomstig tot en onder die beheer van 'n skool, universiteit of ander opvoedkundige inrigting is; of
 - (d) 'n hotel wat ingevolge die Wet op Hotelle, 1965 (Wet 70 van 1965), as 'n hotel geregistreer is;
 - "Nasionale Bouregulasies" die regulasies kragtens die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977) voorgeskryf;
 - "perseel" 'n perseel waarin of waarop 'n huisvestingsinrigtingsbesigheid tesame met die perseel waarop dit geleë is, gedryf word of gaan word, asook enige buitegeboue op sodanige perseel;
 - "Raad" die Stadsraad van die Stad Durban;
 - "registrasiesertifikaat" 'n registrasiesertifikaat wat kragtens artikel 3 (6) uitgereik word;
 - "sertifikaathouer" 'n persoon wat die houër van 'n geldige ingevolge artikel 3 (6) uitgereikte registrasiesertifikaat is en sluit tydens sy afwesigheid weg van die perseel af, 'n verantwoordelike persoon in soos dié na wie in artikel 9 verwys word;
 - "verantwoordelike persoon" 'n persoon wat kragtens artikel 9 (1) as sodanig aangestel word;
 - "voorgeskrewe geld" 'n geld wat van tyd tot tyd by besluit deur die Raad voorgeskryf word; en
 - "voorgeskrewe vorm" 'n vorm wat deur die Raad voorgeskryf en beskikbaar gestel word.

Toepassing van verordeninge

2. (1) Niemand mag 'n besigheid wat die verskaffing van huisvesting in 'n huisvestingsinrigting behels, dryf nie, tensy hy in besit is van 'n geldige registrasiesertifikaat wat die Raad ingevolge artikel 3 aan hom uitgereik het.
- (2) Indien 'n persoon op die inwerkingtreddingsdatum van hierdie verordeninge 'n in subartikel (1) vermelde besigheid dryf, moet hy binne ses maande vanaf genoemde datum, of binne sodanige verlengde tydperk as wat die Raad skriftelik toelaat nadat daar voor die verstryking van voormelde tydperk van ses maande daarom aansoek gedoen is, aansoek doen om die registrasie van sodanige besigheid ingevolge artikel 3 en indien hy versuim om dit te doen of indien sy aansoek geweier word, word hy, indien hy aanhou om sodanige weiering te dryf, geag die bepalings van subartikel (1) te verbreek het.
- (3) 'n Persoon wie se besigheid ingevolge artikel 3 geregistreer is, moet, tydens die dryf van sy besigheid voldoen aan al die bepalings van hierdie verordeninge en aan die perke, beperkinge, bepalings en voorwaardes wat by die goedkeuring van die registrasie van sy besigheid gestel word en, indien hy versuim om dit te doen, is hy skuldig aan 'n misdryf waarop die boetes waarna in artikel 18 verwys word, van toepassing is.

Aansoeke om registrasie

3. (1) 'n Persoon na wie in artikel 2 (2) verwys word en 'n persoon wat voornemens is om 'n besigheid te dryf wat die verskaffing van huisvesting in 'n huisvestingsinrigting behels, moet skriftelik op die voorgeskrewe vorm by die benoemde beampte om registrasie van sy besigheid of voorgenome besigheid aansoek doen en so 'n aansoek moet vergesel gaan van —
 - (a) 'n terreinplan;
 - (b) 'n uitlegplan van die gebou of geboue op die perseel, wat die volgende aantoon:
 - (i) Die afmetings en vloeroppervlakte van elke vertrek of ander besondere deel van die perseel en die doel waarvoor dit gebruik gaan word;

"ACCOMMODATION ESTABLISHMENT BYLAWS

Definitions

1. In these bylaws, unless the context otherwise indicates —
 - 'accommodation establishment' means any premises in or upon which the business of supplying lodging with or without meals for reward is conducted for more than four persons, but does not include —
 - (a) self-contained units of accommodation such as flats or maisonettes;
 - (b) a home for the aged which is registered as such in terms of the Aged Persons Act, 1967 (Act 81 of 1967);
 - (c) a hostel which is ancillary to and under the control of a school, university or other educational establishment; or
 - (d) an hotel which is registered as an hotel under the Hotels Act 1965 (Act 70 of 1965);
 - 'certificate holder' means a person who is the holder of a valid registration certificate issued in terms of section 3(6) and includes in his absence from the premises a responsible person referred to in section 9;
 - 'Council' means the City Council of the City of Durban;
 - 'designated officer' means the employee of the Council appointed by it to administer these bylaws and includes any other employee authorised in law to act in his name and on his behalf;
 - 'National Building Regulations' means the regulations made in terms of the National Building Regulations and Building Standards Act, 1977 (Act 103 of 1977);
 - 'nuisance' means a nuisance as defined in section 1 of the Ordinance;
 - 'premises' means premises in or upon which the business of an accommodation establishment is or is to be conducted together with the land on which the same is situated and includes any outbuilding on such land;
 - 'prescribed fee' means a fee prescribed by the Council by resolution from time to time;
 - 'prescribed form' means a form prescribed and made available by the Council;
 - 'registration certificate' means a registration certificate issued in terms of section 3(6);
 - 'responsible person' means a person appointed as such in terms of section 9(1); and
 - 'the Ordinance' means the Local Authorities Ordinance, 1974 (Ordinance 25 of 1974).

Application of Bylaws

2. (1) No person shall conduct a business which involves the supply of accommodation in an accommodation establishment unless he is in possession of a valid registration certificate issued to him by the Council in terms of section 3.
- (2) A person who is at the date of commencement of these bylaws conducting a business referred to in subsection (1) shall within six months of that date, or within such extended period as the Council may on application made prior to the expiry of the said period of six months in writing allow, apply for registration of such business in terms of section 3 and if he fails to do so or his application is refused, he shall if he continues to conduct such business after the expiry of that period or after such refusal be deemed to have contravened subsection (1).
- (3) A person whose business has been registered in terms of section 3 shall in the conduct of his business comply with all the provisions of these bylaws and with the limitations, restrictions, terms and conditions imposed upon the approval of the registration of his business and if he fails to do so he shall be guilty of an offence for which the penalties referred to in section 18 shall be applicable.

Applications for registration

3. (1) A person who is referred to in section 2(2) and a person who intends conducting a business involving the supply of accommodation at an accommodation establishment shall apply for registration of his business or proposed business to the designated officer in writing on the prescribed form and such application shall be accompanied by —
 - (a) a site plan;
 - (b) a layout plan of the building or buildings on the premises indicating
 - (i) the dimensions and floor area of each room or other distinct part of the premises and the use to which it is to be put;

- (ii) die maksimum getal persone wat gehuisves staan te word in elke vertrek wat vir gebruik as 'n slaapkamer bestem is soos ooreenkomstig die bepalings van artikel 13 vasgestel;
- (iii) die ligging van kookgeriewe, badkamers, storte, toilette en wasgeriewe;
- (iv) die ligging van verligting en elektriese sokkuite, elektriese kooktoestelle en elektriese waterverwarmers, indien dit van toepassing is;
- (v) die ligging van slangtolle, brandkrane en draagbare brandblusser ter voldoening aan die vereistes van die Nasionale Bouregulasies;
- (vi) die ligging van noodroetes wat ooreenkomstig die Nasionale Bouregulasies voorsien word vir ontsnapping uit die gebou in geval van brand, welke roetes die volgende moet aantoon:
- (aa) Alle deure, gange, oploep en trappe wat komponente van sodanige roetes is, met inbegrip van die wydtes daarvan;
- (bb) die brandbestandheid van die elemente waaruit sodanige komponente saamgestel is; en
- (vii) die ligging van alle sanitêre toebehore, wat aan die vereistes van Deel P van die Nasionale Bouregulasies moet voldoen; en
- (c) die voorgeskrewe aansoekgeld, wat nie terugbetaalbaar is nie;
- Met dien verstande dat —
- (i) die benoemde beampte 'n aansoeker kan versoek om sodanige ander planne, dokumente en inligting as wat hy vir die oorweging van enige aansoek of 'n besondere aansoek nodig ag, in te dien.
- (ii) niemand binne ses maande na die intrekking ingevolge artikel 7 of artikel 18 (3) van registrasie wat bewerkstellig is op sy naam of op naam van 'n maatskappy, beslote korporasie of vennootskap waarvan hy 'n lid is of was, om registrasie aansoek mag doen of dit toegestaan mag word nie.
- (2) Die aansoek moet onderteken word deur die persoon wat voornemens is om die besigheid op die perseel te dryf, of deur sy gemagtigde verteenwoordiger, en indien dit laasgenoemde persoon is, moet hy 'n afskrif van sy magtiging aan die voorgeskrewe vorm het.
- (3) Indien die aansoeker 'n regspersoon is, moet die aansoek vergesel gaan van 'n gewaarmerkte afskrif van die besluit van sodanige persoon se bestuur waarin die indiening van die aansoek gemagtig word.
- (4) Indien die aansoeker nie die geregistreerde eienaar van die perseel is nie, moet die aansoek vergesel gaan van 'n gewaarmerkte afskrif van die huurooreenkoms of ander dokumente waarkragtens hy die reg verleen word om die perseel te okkupeer.
- (5) Die benoemde beampte moet binne 30 dae na die datum waarop hy 'n ingevolge subartikel (1) ingediende aansoek ontvang, of binne sodanige verlengde tydperk as wat deur die Raad goedgekeur word, sy besluit in verband met so 'n aansoek bekend maak.
- (6) By goedkeuring van 'n aansoek, moet die benoemde beampte die besigheid waarop die aansoek betrekking het, registreer en 'n registrasiesertifikaat op die voorgeskrewe vorm aan die aansoeker uitreik.
- (7) Indien die benoemde beampte 'n aansoek weier, kan die aansoeker binne 30 dae na die datum van die kennisgewing waarin hy van sodanige weiering in kennis gestel word, appelleer aan 'n komitee wat vir die doel deur die Raad aangestel is, welke komitee uit drie persone moet bestaan van wie een —
- (a) 'n onafhanklike persoon moet wees wat 'n afgetrede regter van die Hooggeregshof, 'n afgetrede landdros of 'n persoon wat vir minstens 7 jaar as 'n advokaat of prokureur gepraktiseer het; is
- (b) 'n raadslid moet wees; en
- (c) 'n persoon moet wees wat oor toepaslike kennis of ondervinding beskik en wat van tyd tot tyd benoem word deur die Durbanse Streekkamer van Besigheid of, indien genoemde liggaam ontbind word, deur 'n deur die Raad goedgekeurde liggaam wat soortgelyke doelstellings het;
- en plaasvervangende lede kan in elke geval aangestel of benoem word om tydens die afwesigheid van 'n lid op te tree.
- (8) Die in subartikel (7) (a) vermelde lid, of sy plaasvervanger tydens sy afwesigheid, is die voorsitter van die komitee.
- (9) Drie lede maak 'n kworum van die komitee uit

- (ii) the maximum number of persons to be accommodated in each room intended for use as a bedroom as determined in accordance with the provisions of section 13;
- (iii) the location of cooking facilities, bathrooms, showers, toilets and laundry facilities;
- (iv) the position of lighting and electrical socket outlet points, electric cooking appliances and electric water heaters, if applicable;
- (v) the siting of hose reels, fire hydrants and portable fire extinguishers in compliance with the requirements of the National Building Regulations;
- (vi) the location of emergency routes provided in accordance with the National Building Regulations for escape from the building in the event of fire, reflecting
- (aa) all doors, passages, ramps and stairs which are components of such routes and indicating their widths;
- (bb) the fire resistance of the elements constituting such components;
- (vii) the siting of all sanitary fixtures, which shall comply with the requirements of Part P of the National Building Regulations; and
- (c) the prescribed application fee which shall not be refundable;

Provided that —

- (i) the designated officer may require an applicant to submit such other plans, documents and information as he deems necessary for the purpose of considering any application or a particular application.
- (ii) no person may apply for or be granted registration within six months after the cancellation in terms of section 7 or section 18(3) of registration effected either in his name or in that of a company, close corporation or partnership of which he is or was a member.
- (2) The application shall be signed by the person who intends to conduct the business on the premises or his authorised agent and in the case of the latter he shall annex a copy of his authorisation to the prescribed form.
- (3) If the applicant is a juristic person the application shall be accompanied by a certified copy of the resolution of the executive body of such person authorising the making of the application.
- (4) If the applicant is not the registered owner of the premises, the application shall be accompanied by a certified copy of the lease or other document from which he derives his right to occupy the premises.
- (5) The designated officer shall convey his decision on an application made in terms of subsection (1) within 30 days of the date of receipt of the application or within such extended period as may be approved by the Council.
- (6) Upon approval of an application, the designated officer shall register the business to which the application relates and issue a registration certificate to the applicant on the prescribed form.
- (7) If the designated officer refuses an application, the applicant may within 30 days of the date of the notice conveying such refusal to him, appeal to a committee appointed by the Council for the purpose, such committee to comprise three persons, of whom one —
- (a) shall be an independent person who is a retired judge of the Supreme Court, a retired magistrate or a person who has practised as an advocate or attorney for at least 7 years;
- (b) shall be a councillor; and
- (c) shall be a person with appropriate knowledge or experience nominated from time to time by the Durban Regional Chamber of Business or, if that body ceases to exist, a body having similar objectives which is approved by the Council;
- and alternates may be appointed or nominated in each case to act in the absence of a member.
- (8) The member referred to in subsection (7)(a) or in his absence his alternate, shall be the chairman of the committee.
- (9) A quorum of the committee shall be three.

- (10) Die lede van die komitee bly in hul ampte tot tyd en wyl hulle deur die Raad vervang word of, in die geval van die subartikel (7) (c) vermeldde lid, totdat die in genoemde subartikel vermeldde liggaam iemand anders tot lid van die komitee benoem.
- (11) By die toestaan van 'n aansoek om registrasie kan die benoemde beampte of, in die geval van 'n appèl ingevolge subartikel (7), die komitee, sodanige perke, beperkinge, bepalinge en voorwaardes stel as wat hy of die komitee ter bevordering van die doelstellings van hierdie verordeninge goeddink.
- (12) 'n Aansoek kan geweier word op grond daarvan dat die perseel nie aan die vereistes van hierdie verordeninge voldoen nie of dat die aansoeker nie 'n geskikte en gepaste persoon is om 'n huisvestingsinrigting te dryf nie.
- (13) 'n Sertifikaathouer moet binne 21 dae na enige verandering in die inligting vervat in die aansoek wat hy ingevolge subartikel (1) ingedien het of op enige plan of in enige dokument wat dit vergesel het, die benoemde beampte van enige sodanige verandering in kennis stel.

Vertoon van registrasiesertifikaat

4. 'n Persoon aan wie 'n registrasiesertifikaat ingevolge hierdie verordeninge uitgereik is, moet so 'n sertifikaat te alle tye in die kantoor of in die ontvangslokaal van die huisvestingsinrigting waarop dit betrekking het, openlik vertoon.

Geldigheid van registrasie

5. 'n Registrasiesertifikaat wat ingevolge artikel 3 (6) uitgereik word en die registrasie waarop dit betrekking het, bly van krag vir so lank as wat die huisvestingsinrigting gedryf word op die perseel waarop dit betrekking het deur die persoon aan wie dit uitgereik is, tensy dit ingevolge artikel 7 ingetrek word of ingevolge artikel 18 deur 'n bevel van die hof ingetrek word.

Oordrag van besigheid

6. (1) By die oordrag van 'n besigheid wat betrekking het op die dryf van 'n huisvestingsinrigting ten opsigte waarvan 'n registrasiesertifikaat ingevolge artikel 3 uitgereik is of by enige ander verandering van die identiteit van die sertifikaathouer, moet die oordragontvanger of, in geval van 'n identiteitsverandering, die persoon wat voortaan die besigheid sal dryf, onverwyld op die voorgeskrewe vorm by die benoemde beampte aansoek doen om die registrasie van die besigheid en die uitreiking aan hom van 'n registrasiesertifikaat op sy naam; met dien verstande dat die voorbehoudsbepaling van artikel 3 (1) *mutatis mutandis* op so 'n persoon van toepassing is.
- (2) 'n Aansoek wat ingevolge subartikel (1) gedoen word, moet vergesel gaan van sodanige planne, dokumente en ander inligting as wat die benoemde beampte redelikerwys ooreenkomstig hierdie verordeninge kan vereis, asook van die voorgeskrewe geld.
- (3) By ontvangs van 'n aansoek wat ingevolge subartikel (1) gedoen word, moet die benoemde beampte, indien hy tevrede is dat die perseel aan die vereistes van hierdie verordeninge voldoen en dat die aansoeker 'n geskikte en gepaste persoon is om die besigheid te dryf, die besigheid registreer en 'n registrasiesertifikaat op die naam van die aansoeker uitreik.

Intrekking van registrasie

7. (1) Indien 'n sertifikaathouer of 'n in artikel 9 (1) vermeldde verantwoordelike persoon of enigen van hulle by afsonderlike geleenthede binne enige tydperk van 12 maande enigen van die volgende verbreek het:

- (a) 'n wet waarna in artikel 8 (1) verwys word;
- (b) paragrawe (a), (c), (d), (h), (i), (j), (k), (l), (n), (o), (q) en (r) van artikel 15 (1),

ingevolge waarvan hy skuldig bevind word, kan die benoemde beampte, indien sodanige verbreking na sy mening in elke geval die gesondheid of veiligheid van persone op die perseel van die betrokke huisvestingsinrigting in gevaar gestel het of moontlik in gevaar kan stel of 'n hindernis veroorsaak het of moontlik kan veroorsaak, na kennisgewing aan die sertifikaathouer waarin hy versoek word om binne 'n in die kennisgewing vermeldde tydperk redes aan te voer waarom hy dit nie moet doen nie, sy registrasie intrek waarna die sertifikaat wat aan sodanige persoon uitgereik is, outomaties ongeldig raak.

- (2) 'n Sertifikaathouer wie se registrasie ingevolge subartikel (1) ingetrek word, kan binne 21 dae na die datum van die kennisgewing waarin sodanige intrekking aan hom meegedeel word, skriftelik appèleer aan die komitee wat ingevolge artikel 3 (7) deur die Raad aangestel is en die besluit van genoemde komitee is finaal.
- (3) Tensy die benoemde beampte anders besluit, tree die intrekking van registrasie ingevolge subartikel (1) nie voor die verstryking van die in subartikel (2) vermeldde tydperk van 21 dae of, indien appèl ingevolge genoemde subartikel aangeteken word, voor die datum waarop die komitee die intrekking bevestig, in werking nie.

- (10) The members of the committee shall hold office until replaced by the Council or, in the case of the member referred to in subsection (7)(c), until the body referred to in that subsection nominates another person for membership of the Committee.

- (11) In granting an application for registration the designated officer or in the case of an appeal in terms of subsection (7), the committee, may impose such limitations, restrictions, terms and conditions as he or it deems fit in furtherance of the aims of these Bylaws.

- (12) An application may be refused on the grounds that the premises do not comply with the requirements of these bylaws or that the applicant is not a fit and proper person to conduct an accommodation establishment business.

- (13) A certificate holder shall within twenty-one days of any such change notify the designated officer of any change in the information reflected in the application submitted by him in terms of subsection (1) or on any plan or in any document submitted therewith.

Display of registration certificate

4. A person to whom a registration certificate has been issued in terms of these bylaws shall publicly display such certificate at all times in the office or reception area of the accommodation establishment to which it relates.

Validity of registration

5. A registration certificate issued in terms of section 3(6) and the registration to which it relates shall remain valid for as long as the accommodation establishment business continues to be conducted on the premises to which it relates by the person to whom it was issued unless it is cancelled in terms of section 7 or is cancelled by order of court in terms of section 18.

Transfer of business

6. (1) In the event of the transfer of a business relating to the conduct of an accommodation establishment in respect of which a registration certificate has been issued in terms of section 3 or upon any other change in the identity of the certificate holder, the transferee or, in the case of a change in identity, the person who will in future conduct the business shall forthwith apply to the designated officer on the prescribed form for the registration of the business and the issue to him of a registration certificate in his name; Provided that the proviso to section 3(1) shall *mutatis mutandis* apply to such person.

- (2) An application made in terms of subsection (1) shall be accompanied by such plans, documents and other information as the designated officer may have reason to require in accordance with these Bylaws, together with the prescribed fee.

- (3) Upon receipt of an application made in terms of subsection (1) the designated officer shall, if he is satisfied that the premises comply with the requirements of these bylaws and that the applicant is a fit and proper person to conduct the business, register the business and issue a registration certificate in the name of the applicant.

Cancellation of registration

7. (1) If a certificate holder or a responsible person referred to in section 9(1) or either of them has on three separate occasions within any period of 12 months committed a breach of any of the following:

- (a) a law referred to in section 8(1);
- (b) paragraphs (a), (c), (d), (h), (i), (j), (k), (l), (n), (o), (q) and (r) of section 15(1),

for which he is convicted, the designated officer may, if in his opinion such breach has in each case caused or is likely to cause a threat to the health or safety of persons on the premises of the accommodation establishment concerned or a nuisance, after notice to the certificate holder calling on him to show cause within a period specified in the notice why he should not do so, cancel his registration, whereupon the certificate issued to that person shall automatically cease to be valid.

- (2) A certificate holder whose registration has been cancelled in terms of subsection (1) may within 21 days of the date of the notice conveying such cancellation to him appeal in writing to the committee appointed by the Council in terms of section 3(7) and the decision of that committee shall be final.

- (3) Unless the designated officer decides otherwise, cancellation of registration in terms of subsection (1) shall not take effect until the expiry of the period of the 21 days referred to in subsection (2) or, in the event of an appeal in terms of that subsection, until the date on which the committee confirms the cancellation.

Voldoening aan wetsbepalings

8. (1) Indien die sertifikaathouer in die dryf van sy huisvestingsinrigting enige wet se bepalinge verbreek waarvan die aard gevaar inhou vir die gesondheid of veiligheid van persone wat op die perseel gehuisves word of 'n hindernis uitmaak, word sodanige verbreking geag 'n in artikel 7 (1) vermelde verbreking te wees.
- (2) Indien enige plan wat die verbouing van die perseel ingevolge artikel 7 van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977) behels, goedgekeur word en by die implementering daarvan tot gevolg het dat die getal of die grootte van slaapkamers wat as sodanig aangetoon word op die ingevolge artikel 3 (1) ingediende plan, verander word, moet die sertifikaathouer binne 21 dae na die goedkeuring van so 'n plan 'n afskrif daarvan indien by die benoemde beampte wat die ingevolge artikel 3 (1) (b) ingediende plan dienoreenkomsig kan wysig.
- (3) Die sertifikaathouer mag nie —
- (a) veroorsaak, toelaat of veroorloof dat enige verandering aan die perseel of aan die binnegroepering van kamers en ander komponente van die perseel aangebring word nie;
- (b) afskortings binne die perseel aanbring of bestaande afskortings verander of veroorsaak, toelaat of veroorloof dat dit gedoen word nie;
- indien die gevolg van so 'n handeling die in artikel 3 (1) (b) (iv) vermelde noodroetes belemmer of minder doeltreffend maak, en hy mag ook geen verandering aan enige sodanige noodroetes aanbring of veroorsaak, toelaat of veroorloof dat dit gedoen word nie, tensy hy vooraf die benoemde beampte se skriftelike toestemming daartoe verkry het.
- (4) Die sertifikaathouer mag geen vlambare vloeistof of stof soos omskryf in die Raad se Verordeninge betreffende Brandbeveiliging, asook Vlambare Vloeistowwe en Stowwe, waarvan die aanhou magtiging ingevolge enige wet vereis, aanhou of veroorsaak, toelaat of veroorloof dat dit aangehou word nie, tensy hy daartoe gemagtig is en vóór die aanhouding van sodanige vloeistof of stof die benoemde beampte skriftelik daarvan kennis gegee het.

Aanstelling van 'n verantwoordelike persoon

9. (1) 'n Sertifikaathouer is daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat óf hy óf 'n verantwoordelike persoon deur hom aangestel om namens hom op te tree, te alle tye op die perseel aanwesig is.
- (2) Die sertifikaathouer moet die benoemde beampte binne sewe dae skriftelik van die identiteit en besonderhede van 'n deur hom aangestelde verantwoordelike persoon in kennis stel en moet die benoemde beampte van sodanige besonderhede van so 'n persoon voorsien as wat die beampte vereis en hy moet ook die benoemde beampte binne sewe dae na enige verandering wat van tyd tot tyd kan voorkom aangaande die identiteit van 'n verantwoordelike persoon of betreffende sy besonderhede, van so 'n verandering in kennis stel.
- (3) Die sertifikaathouer moet toesien dat die naam van 'n ingevolge subartikel (1) aangestelde verantwoordelike persoon, asook sy adres en die telefoonnommer(s) waarby daar met hom in aanraking gekom kan word, te alle tye openlik in die kantoor of ontvangslokaal van die perseel vertoon word.
- (4) Die sertifikaathouer en enige verantwoordelike persoon wat aangestel is om in sy afwesigheid op te tree, moet alle redelike stappe doen om toe te sien dat daar voldoen word aan die bepalinge van hierdie verordeninge en aan enige perke, beperkinge, bepalinge en voorwaardes wat ingevolge artikel 3 (8) gestel word.

Ondertekening van sertifikaat deur okkupeerders

10. Daar word van elke volwasse persoon aan wie toegang tot die perseel verleen word met die doel om 'n akkommodasie-eenheid daarin te betrek, vereis om 'n sertifikaat te onderteken te dien effekte dat sy aandag op die afskrif van hierdie verordeninge wat ingevolge artikel 11 vertoon word, gevestig is en waarin hy erken dat dit van hom vereis kan word om die perseel te verlaat indien hy enige bepaling van hierdie verordeninge verbreek of 'n hindernis veroorsaak.
11. Die sertifikaathouer met die jongste afskrif van hierdie verordeninge te alle tye openlik in die kantoor of ontvangslokaal van die perseel vertoon en sodanige verordeninge moet vir alle okkupeerders toeganklik wees.

Toegangsreg en inspeksie

12. (1) Die benoemde beampte en enige ander werknemer van die Raad wat deur hom gemagtig is, het te alle redelike en geleë tye die reg om die perseel vir enige van die volgende doeleindes te betree, naamlik —
- (a) ten einde vas te stel of daar aan hierdie verordeninge en aan enige ander wet voldoen word;
- (b) ten einde die perseel te inspekteer;

Compliance with laws

8. (1) If the certificate holder in the conduct of an accommodation establishment business commits a breach of any law the nature of which constitutes a threat to the health or safety of persons or a nuisance, such breach shall be deemed to be a breach referred to in section 7(1).
- (2) In the event of the approval of any plan involving the alteration of the premises in terms of section 7 of the National Building Regulations and Building Standards Act, 1977 (Act 103 of 1977), which will when implemented result in any change to the number or size of bedrooms depicted as such on the plan lodged in terms of section 3(1), the certificate holder shall within 21 days of the approval of such plan lodge a copy thereof with the designated officer who may amend the plan lodged in terms of section 3(1)(b) accordingly.
- (3) The certificate holder shall not —
- (a) make or cause, permit or allow to be made any alteration to the premises or to the internal arrangement of rooms and other components of the premises;
- (b) introduce partitions in the premises or alter existing partitions or cause, permit or allow the same to be done;
- if the effect of such act will be to interfere with or render less effective the emergency routes referred to in section 3(1)(b)(vi) and he shall not make any alteration or cause, permit or allow any alteration to be made to any such emergency routes without the prior written consent of the designated officer.
- (4) The certificate holder shall not keep or cause, allow or permit the keeping of any flammable liquid or substance as defined in the Council's Bylaws relating to Fire Prevention and Flammable Liquids and Substances the keeping of which requires authority in terms of any law without that authority and without giving notice in writing to the designated officer prior to the keeping of such liquid or substance.

Appointment of a responsible person

9. (1) A certificate holder shall be responsible for ensuring that at all times either he or a responsible person appointed by him to act on his behalf is present on the premises.
- (2) The certificate holder shall within seven days inform the designated officer in writing of the identity and particulars of any responsible person appointed by him and shall furnish the designated officer with such particulars of such person as the officer may require and shall within seven days of any such change notify the designated officer of any change that may take place from time to time as to the identity of a responsible person or of his particulars.
- (3) The certificate holder shall ensure that the name of any responsible person appointed in terms of subsection (1) as well as his address and the telephone number or numbers at which he may be contacted are publicly displayed in the office or reception area of the premises at all times.
- (4) The certificate holder and any responsible person appointed to act in his absence shall take all reasonable steps to ensure that the provisions of these bylaws and any limitations, restrictions, terms and conditions imposed in terms of section 3(8) are complied with.

Certificate by occupants

10. Every adult person admitted to the premises for the purpose of occupying accommodation therein shall be required to sign a certificate to the effect that his attention has been drawn to the copy of these bylaws displayed in terms of section 11 and in which he acknowledges that he may be required to leave the premises if he commits a breach of these bylaws or commits a nuisance.

Display of bylaws

11. The certificate holder shall publicly display an up-to-date copy of these bylaws in the office or reception area of the premises at all times and such bylaws shall be accessible to all occupants.

Right of entry and inspection

12. (1) The designated officer and any other employee of the Council authorised by him shall at all reasonable and appropriate times be entitled to enter upon the premises for any of the following purposes, namely —
- (a) to determine whether these bylaws and any other law is being complied with;
- (b) to inspect the premises;

- (c) ten einde enige magtiging, plig of funksie waarmee hy kragtens hierdie verordeninge of enige ander wet bekleë is of wat daarkragtens by hom berus, uit te oefen en te verrig.
- (2) Iemand is aan 'n misdryf skuldig indien hy 'n in subartikel (1) vermelde persoon verhinder of probeer verhinder om die perseel te betree of om sy magte uit te oefen of sy pligte of funksies te verrig of indien hy so 'n persoon op enige manier by sodanige uitoefening of verrigtinge verhinder of hom met hom bemoei.

Perke op okkupasie

13. Die maksimum getal persone wat gehuisves mag word in enige vertrek wat as 'n slaapkamer aangedui word op die ingeolge artikel 3 (1) ingediende plan, soos van tyd tot tyd gewysig, mag nie die maksimum getal persone oorskry nie wat ooreenkomstig die grondslag van die vloerruimtetoewysing, soos in paragraaf 1 van Bylae 3 van die Slumswet, 1979 (Wet 76 van 1979), voorgeskryf, bereken is.

Identifisering en merk van slaapkamers

14. (1) Die sertifikaathouer moet elke kamer wat vir die doeleindes van 'n slaapkamer bestem is en as sodanig aangetoon word op die ingeolge artikel 3 (1) ingediende plan, soos van tyd tot tyd gewysig, van 'n duidelike nommer laat voorsien en hy moet so 'n nommer aan die buitekant van die deur wat toegang tot daardie kamer verleen, laat vertoon.
- (2) Die sertifikaathouer moet 'n kennisgewing op 'n in die oogvallende plek laat vertoon op 'n binnemuur van elke vertrek waarna in subartikel (1) verwys word, welke kennisgewing—
- (a) die vloeroppervlakte van die vertrek in vierkante meter; en
- (b) die maksimum getal persone wat in daardie vertrek gehuisves mag word soos ingeolge artikel 13 bereken,
- moet aandui soos aangetoon op die plan wat ingeolge artikel 3 (1) (b), soos ingeolge artikel 8 (2) gewysig, ingedien is.

Pligte van sertifikaathouer: Misdrywe

15. (1) Die sertifikaathouer moet—
- (a) toesien dat in die belang van openbare gesondheid en veiligheid en ten einde die skepping van hindernisse te vermy, alle geboue wat deel van die perseel uitmaak, in 'n skoon, higiëniese, veilige en heel toestand in stand gehou word en aan alle wette voldoen;
- (b) tot die tevredenheid van die Raad se Stadsgeondheidshoof toereikende voorsiening maak vir kook- en voedselbereidingsgeriewe vir die persone wat op die perseel gehuisves word indien etes nie aan hulle verskaf word nie en hulle deur die sertifikaathouer toegelaat word om voedsel op die perseel gaar te maak of te berei, welke geriewe in 'n gedeelte van die gebou verskaf moet word wat apart is van die slaapkamerakkommodasie en wat op die ingeolge artikel 3 (1) (b) ingediende plan aangetoon word as vir daardie doel opsy gesit te wees;
- (c) nie veroorsaak, toelaat of veroorloof dat voedsel in enige slaapkamer of op enige ander plek behalwe in die gedeelte van die gebou waarna in paragraaf (b) hierbo verwys word, oor 'n oop vlam gaargemaak of berei word nie, of veroorsaak of toelaat of veroorloof dat 'n vuur op enige ander plek op die perseel behalwe in 'n stoof of in 'n ander toestel of installasie wat vir daardie doel ontwerp is, aangesteek word nie;
- (d) geen verwarmings- of verligtingstoestel wat die gebruik van gas of vlambare vloeistof of stof behels waarna in artikel 8 (4) verwys word, behalwe 'n stoof wat in die in paragraaf (b) hierbo vermelde gedeelte van die perseel geleë is, ebruik of veroorsaak, toelaat of veroorloof dat dit gebruik word nie, tensy die benoemde beampte se vooraf verkreeë skriftelike toestemming daartoe verkry is;
- (e) was- en toiletgeriewe voorsien en in goeie orde in stand hou en toesien dat water te alle tye voorsien word, welke geriewe en watertoevoer toereikend is met betrekking tot die dienste wat in die gebied beskikbaar is;
- (f) indien okkuppeerders aan wie huisvesting verskaf word, van bedlakens, kussings of handdoeke voorsien word, toesien dat elke sodanige okkuppeerder voorsien word van skoon items wat gewas is sedert gebruik deur enige ander persoon;
